Foschini Retail Group (Pty) Ltd NCRCP 36
Standaardterme en -voorwaardes van kredietfasiliteite

Foschini Retail Group (Pty) Ltd, wat handel dryf as: @home, @homelivingspace, American Swiss, Donna-Claire, Duesouth, Exact!, Fashion Express, Foschini, Luella, Markham, Matrix, sportscene, Sterns en Totalsports

Reg no 1988/007302/07

Stanley Lewis-sentrum, Voortrekkerweg 340, Parow-Oos 7500

'n Gemagtigde finansiëledienste-verskaffer; NCRCP-no 36
BTW-no 4210187250

Vra ons winkelpersoneel vir hierdie vorm in Engels, Xhosa of Sotho.

1. Woordomskrywing

In hierdie bepalings en voorwaardes, tensy uit die samehang anders blyk, beteken:

1.1 'aansoek' of 'aansoek doen' wanneer jy by ons om 'n kredietfasiliteit aansoek doen, hetsy deur by een van ons winkels 'n aansoekvorm in te vul, of 'n elektroniese aansoek via ons webtuiste in te dien;

1.2 'begrotingsplan', waar van toepassing, die kredietdraende betaalplanne oor 12, 18 of 24 maande;

1.3 'diensfooi' 'n maandelikse fooi wat vir die roetineadministrasie en -instandhouding van jou rekening teen jou rekening gedebiteer word;

1.4 'FGRK' Foschini Groep-rigkoers, synde 'n rentekoers wat Foschini van tyd tot tyd vasstel;

1.5 'Foschini' Foschini Retail Group (Eiendoms) Beperk, registrasienommer 1988/007302/07, van Stanley Lewis-sentrum, Voortrekkerweg 340, Parow-Oos 7501, 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste, en enige handelsafdeling van Foschini, of enige persoon aan wie dit enige van sy regte of verpligtinge ingevolge hierdie ooreenkoms oordra, wat Fashion Retailers (Edms) Bpk in Namibië insluit;

1.6 'jy' die kredietnemer, synde die kaarthouer;

1.7 'kaart' die persoonlike rekeningkaart wat ons vir jou persoonlike identifikasie en toegang tot jou kredietfasiliteit aan jou uitreik;

1.8 'klubvoordele' die opsionele produk wat klublidmaatskap insluit, waarvoor 'n maandelikse fooi gehef sal word, en in ruil waarvoor 'n reeks voordele aan jou beskikbaar gestel word, wat sterftedekking, rekeningvereffening, 'n regshulplyn en 'n maandelikse klubtydskrif insluit;

1.9 'kredietperk' die maksimum goedgekeurde kredietbedrag waarbó Foschini geen verdere kredittoekenning sal toelaat nie;

1.10 'kredittoekenning' die kredietvlak waarop Foschini jou kredietfasiliteit sal bestuur;

1.11 'ons' Foschini, synde die kredietgewer, en, waar van toepassing, ons filiaal- en beheermaatskappye, enige filiaal van enige van ons beheermaatskappye, en enige persoon aan wie ons enige van ons regte of verpligtinge ingevolge hierdie ooreenkoms oordra;

1.12 'ooreenkoms', 'kredietooreenkoms', 'kredietfasiliteit', 'fasiliteit', 'kaart' of 'rekening' die kredietooreenkoms tussen ons en jou, wat die voorooreenkomskwotasie en -openbaarmakings sowel as die bepalings en voorwaardes van die kaart en kredietfasiliteit wat van tyd tot tyd kan geld, insluit;

1.13 'rekeningvoordele' die opsionele produk wat verlorekaartbeskerming, sterftedekking en rekeningvereffening teen 'n maandelikse fooi bied;

1.14 'wentelplan' die suiwerkredietfasiliteitsplan wat oor ses maande betaalbaar is; en

1.15 'wet' of 'die wet' die Nasionale Kredietwet, Wet 34 van 2005, en regulasies, soos gewysig.

2. Aansoek en ooreenkoms

2.1 Deur by ons aansoek te doen, bied jy aan om 'n ooreenkoms met ons te sluit. Ons is geensins verplig om jou aanbod te aanvaar nie.

2.2 Die ooreenkoms word gesluit op die dag wanneer jy teken dat jy jou kaart ontvang het. Deur jou kaart te hou en te gebruik, aanvaar jy die bepalings en voorwaardes van hierdie ooreenkoms.

2.3 Ingeval die ooreenkoms gewysig word, sal sodanige wysiging(s) slegs in werking tree by die eerste gebruik van jou kaart ná die datum waarop die wysiging plaasvind, wanneer krediet op sodanige voorwaardes of die gewysigde voorwaardes toegestaan word, in welke geval jou gebruik van die kaart en jou handtekening as bevestiging sal dien dat jy met die gewysigde voorwaardes instem.

2.4 Enige aansoek is onderworpe aan ons kredietgoedkeuringsmaatstawwe en die voorwaardes vir kredietverlening ingevolge die wet. Ons is by magte om enige aansoek te eniger tyd van die hand te wys, enige kredietbedrag vas te stel, en enige kredietbedrag te verlaag.

2.5 Jou aansoek sal op grond van die inligting wat jy aan ons voorsien, oorweeg word. Alle inligting moet waar, juis, korrek en volledig wees.

2.6 Jy moet oor die nodige regsbevoegdheid beskik om met hierdie bepalings en voorwaardes in te stem en daardeur gebind te word. In dié verband kan ons op 'n identeitsbewys aandring.

2.7 Indien ons sou besluit om krediet aan jou te verleen, beteken die feit dat ons nóú met jou 'n ooreenkoms sluit nie dat ons dit weer in die toekoms sal doen nie. Ons behou die reg om te weier om enige verdere ooreenkomste met jou aan te gaan. Ons behou voorts die reg om die fasiliteit te eniger tyd terug te trek en die rekening te sluit.

2.8 Ons bemarkingsdokumente en kwotasies weerspieël bloot illustratiewe terugbetaalwaardes. Dié waardes is bereken asof die volle kredietbedrag op die eerste dag gebruik en oor die illustratiewe tydperk terugbetaal word. Ons kwotasie weerspieël hierdie berekening oor 12 maande. Indien jy 'n ooreenkoms met ons sou sluit, sal jou werklike maandelikse terugbetaling afhang van die

uitstaande balans op jou rekening, sowel as die terugbetaalvoorwaardes wat jy ten tyde van die aankoop kies.

2.9 Die voorooreenkomsopenbaarmakings en -kwotasie(s) sal in die winkel aan jou oorhandig, of, in geval van 'n aanlynaansoek, elektronies aan jou gestuur word.

2.10 Sodra jy die skriftelike ooreenkoms ontvang, moet jy dit in pen onderteken en op 'n veilige plek bêre.

2.11 Sodra jy jou kaart ontvang, moet jy jou handtekening met 'n bolpuntpen daarop aanbring.

2.12 Jy is die enigste persoon wat jou kaart mag gebruik. Jy mag dit aan geen ander persoon oordra of enige ander persoon toestemming gee om dit te gebruik nie.

2.13 Slegs goedere wat vir sewe sakedae of langer gehou word, geld as 'n aankoop.

3. Adresse

3.1 Die woonadres wat jy met die aangaan van die ooreenkoms aan ons verstrek (en soos dit op die ooreenkoms verskyn), sal as die gekose adres beskou word waar regskennisgewings en enige prosesstukke aan jou bestel kan word (jou domisilie). Jou posadres (hetsy huis, posbus of elektronies) sal vir die versending van state, kennisgewings of ander korrespondensie gebruik word. Indien jy van woonadres verander, jou posadres wil verander, of ons enige ander kennis wil gee, moet jy dit via ons kontaksentrum by

0860 576 576, per e-pos na customer_services@retailcredit.co.za, of per gewone pos na Posbus 6020, Parow-Oos 7500 doen. Indien jy jou adres verander, sal sodanige verandering sewe (7) dae ná ontvangs van jou kennisgewing in werking tree.

3.2 Indien ons ons domisilie wil verander, sal ons jou dienooreenkomstig kennis gee.

4. Hoe om jou kaart te gebruik

4.1 Deur die kaart te teken en die kredietfasiliteit te aktiveer, aanvaar jy al die bepalings en voorwaardes van die ooreenkoms.

4.2 Jy kan jou kaart gebruik om van enige van ons winkels goedere aan te koop of dienste te bekom. Vir elke sodanige kaarttransaksie sal jy 'n verkoopbewys onderteken. Hierna sal ons jou kredietrekening met die waarde van jou aankope debiteer. Jy kan nie aankope op jou rekening maak tensy jy jou kaart in die winkel toon nie. Wanneer jy die verkoopbewys onderteken, bevestig jy ontvangs en lewering van die goedere.

4.3 Indien jy nie die rekeningvoordele opneem nie, geniet jy nie verlorekaartbeskerming nie. Hiervoor is daar 'n afsonderlike vrywaringsooreenkoms.

4.4 Indien jou kaart wegraak, gesteel word of op 'n bedrieglike wyse gebruik word, en jy nie oor rekeningvoordele beskik nie, moet jy ons onmiddellik bel by 0860 576 576.

4.5. Indien ons, nadat ons die saak ondersoek het, beslis dat jy nie die betrokke aankope gemaak het nie, sal jy nie aanspreeklik wees vir daardie aankope nadat jy die verlies of diefstal van, of bedrog op, jou kaart aangemeld het nie.

4.6. Jy sál egter 'n kaartvervangingsfooi moet betaal.

5. Kaartkansellasie

Jou kaart sal altyd ons eiendom bly, en, met voorbehoud van enige reg op enige eis wat ons teen jou kan hê, behou ons die reg om jou kaart te eniger tyd te kanselleer, op te skort, terug te trek of op die indiening daarvan aan te dring.

6. Kredietbedrag op jou kredietfasiliteit

6.1 Jy mag nie enige goedere met jou kaart aankoop waarmee jy die kredietoekenning van jou kredietfasiliteit oorskry nie.

6.2 Indien jy 'n tydelike verhoging in jou kredietoekenning benodig om enige aankope te dek wat jou beskikbare kredietoekenning sal oorskry, moet jy ons daarvan inlig sodat dit opgeteken en jou kredietoekenning tydelik verhoog kan word. Sodanige tydelike verhoging sal slegs vir 'n beperkte tyd geld. Nadat jy die bedrag terugbetaal het, sal jou kredietoekenning weer verlaag word tot wat dit voor die tydelike verhoging was. Sodanige verhoging geskied geheel en al na die goeddunke van Foschini, en jy sal jou aanvaarding daarvan aandui deur ten tyde van die aankoop op die faktuur te teken.

6.3 Ons behou die reg om die kredietfasiliteit en/of enige kredietbedrag wat op jou rekening toegestaan word, te verlaag, wysig of kanselleer.

6.4 Indien jy vir outomatiese jaarlikse verhogings in jou kredietoekenning en/of jou kredietperk in aanmerking wil kom, moet jy ons skriftelik daarvan in kennis stel. Indien jy 'n outomatiese jaarlikse verhoging wil ontvang, sal ons jou kredietbedrag jaarliks hersien, en kan ons ooreenkomstig die wet 'n jaarlikse verhoging aan jou toestaan.

6.5 Die toepaslike kredietbedrag wat van tyd tot tyd geld, sowel as die beskikbare bedrag wat vir aankope gebruik kan word, sal op jou maandelikse staat verskyn.

6.6 Ons behou die reg om te eniger tyd 'n kredietinligtingsburo- en bekostigbaarheidskontrole met betrekking tot enige verhoging in jou rekening, kredietfasiliteit of kredietbedrag uit te voer.

6.7 Die kredietperk van jou fasiliteit kan hoër wees as die werklike kredietoekenning waarbinne jy verplig is om die fasiliteit te bestuur.

6.8 Geen verhoging in jou kredietoekenning sal ooit die goedgekeurde kredietperk oorskry nie. Jy kan egter om 'n verhoging aansoek doen, welke aansoek Foschini geheel en al na eie goeddunke sal oorweeg.

6.9 Indien jou finansiële omstandighede verander, jy jou werk verloor, of indien jou inkomste verander, moet jy ons hetsy via ons kontaksentrum of ons e-pos- of posadres (sien 3.1 hier bo) daarvan in kennis stel.

7. Wysiging van gebruiksvoorwaardes

Ons kan enige van die kaartgebruiksvoorwaardes wysig, herroep,

vervang of uitbrei. In so 'n geval, sal ons jou daarvan inlig deur die wysigings na jou posadres te stuur voordat dit in werking tree. Indien jy die kaart steeds ná sodanige kennisgewing gebruik, sal die nuwe gebruiksvoorwaardes geld.

8. Rekeningvoordele en klubvoordele

Rekeningvoordele

8.1 Rekeningvoordele bestaan uit verlorekaartbeskerming, sterftedekking en rekeningvereffening. Sterftedekking en rekeningvereffening is versekeringsprodukte. Ondanks klousule 20.14, geld die afsonderlike polis en openbaarmaking vir die twee versekeringsprodukte, en bind dit jou bo en behalwe hierdie ooreenkoms. Voormelde polis en openbaarmaking bevat besonderhede oor watter voordele deur wie opgeëis kan word, wanneer en hoe.

8.2 Hoewel verlorekaartbeskerming deel uitmaak van die rekeningvoordele, word dit nie in hierdie ooreenkoms hanteer nie, aangesien dit 'n afsonderlike ooreenkoms tussen jou en Foschini is. Dit is nie 'n versekeringsproduk nie.

8.3 Indien jy nie die rekeningvoordele opneem nie, en jou kaart wegraak, gesteel word of bedrieglik gebruik word, raadpleeg asseblief klousule 4.3 tot 4.6.

8.4 Jy bevestig hiermee dat jy kon kies om die rekeningvoordeelaanbod of -voorstel te aanvaar. Jy is nie gedwing om dit te doen nie, en kan die aanbod of voorstel van die hand wys.

8.5 Rekeningvoordele is 'n opsionele en bykomende produk.

8.6 Sterftedekking en rekeningvereffening:

8.6.1 In Suid-Afrika onderskryf Guardrisk Versekeringsmaatskappy Beperk, geregistreerde verskaffer van finansiële dienste (FSP nr 75), die versekeringsdekking. In Namibië tree Alexander Forbes Versekeringsmaatskappy Beperk as onderskrywer op.

8.6.2 Ingeval jy te sterwe sou kom:

8.6.2.1 sal 'n bedrag van tot R2 000 teen jou rekening gekrediteer word ten einde jou uitstaande skuld aan ons te vereffen, vir onvoorsiene sterfte voor die ouderdom van 40 of vir enige doodsoorsaak ná die ouderdom van 40; en

8.6.2.2 sal R2 000 uitbetaal word vir onvoorsiene sterfte voor die ouderdom van 40 of vir enige doodsoorsaak ná die ouderdom van 40.

8.7 Indien daar, ná die uitkeer van die bedrag waarna 8.6.2.1 hier bo verwys, steeds 'n uitstaande balans op jou rekening verskyn, sal jou boedel aanspreeklik wees om sodanige balans te vereffen.

8.8 Indien die maandelikse rekeningvoordeelfooi nie in die maand betaal word waarin dit verskuldig is nie, sal jy 15 dae grasie ontvang. Indien betaling nie binne hierdie grasietermyn geskied nie, sal dekking ingevolge hierdie polis ten einde loop.

8.9 Jy stem hiermee toe dat ons die fooi (soos dit op jou maandelikse staat verskyn) teen jou kredietfasiliteit debiteer en daarvan verhaal, en dat die bepalings en voorwaardes van hierdie ooreenkoms, sowel as die versekeringspolis en openbaarmaking, sal geld. Dít beteken dat rente op die fooi gehef kan word waar die kredietfasiliteitsbetaalplan rente oploop. Ons hou die rente terug, en hef dit teen dieselfde koers as dié van jou kredietfasiliteit.

8.10 Klubvoordele:

8.10.1 Die twee versekeringsafdelings van klubvoordele is rekeningvereffening en sterftedekking.

8.10.2 Klousule 8.1, 8.4, 8.6.1 en 8.7 geld ook klubvoordele – vervang slegs 'rekeningvoordele' met 'klubvoordele'.

8.10.3 Ingeval jy te sterwe sou kom:

8.10.3.1 sal 'n bedrag van tot R1 500 teen jou rekening gekrediteer word ten einde jou uitstaande skuld aan ons te vereffen; en

8.10.3.2 sal R2 000 sterftedekking uitbetaal word.

8.10.3.3 Indien daar, ná die uitkeer van die bedrag waarna 8.10.3.1 verwys, steeds 'n uitstaande balans op jou rekening verskyn, sal jou boedel aanspreeklik wees om sodanige balans te vereffen.

8.10.4 Jy kan kies om eerder 'n afsonderlike rekening vir klublidmaatskap te ontvang indien jou rekening 'n nul- of kredietbalans het.

8.10.5 Die betaalbare fooi vir klubvoordele kan rente opbou waar die betaalplan rente oploop. Sodanige rente word teruggehou, en teen dieselfde koers as dié van toepassing op die tersaaklike kredietfasiliteit gehef.

8.11 Waar jou kredietfasiliteit ingeperk word weens verrigtinge ingevolge die wet, sal geen fooi gehef word nie, en sal rekeningvoordele en/of klubvoordele verstryk.

9. Staat

9.1 State sal altyd gepos, en slegs op versoek per e-pos versend word. As alternatief kan jy jou state aanlyn bekom deur op www.retailcredit.co.za te registreer. State sal:

9.1.1 alle transaksies met betrekking tot jou rekening toon;

9.1.2 die huidige verskuldigde bedrag toon;

9.1.3 alle rente en ander heffings toon wat ons teen jou rekening debiteer (wat klub- en rekeningvoordele insluit);

9.1.4 alle betalings sowel as die uitstaande balans toon; en

9.1.5 jou inlig van die bedrag wat jy voor of op die betaaldatum wat op die staat verskyn, met betrekking tot elke plan aan ons moet betaal.

9.2 Jy is verantwoordelik om jou staat na te gaan. Tensy jy ons binne dertig (30) dae ná die datum van jou staat skriftelik in kennis stel dat jy enige debiet op jou staat betwis, sal jy daarvoor aanspreeklik gehou word.

9.3 Indien jy nie jou staat ontvang nie, onthef dit jou geensins van jou plig om enige verskuldigde bedrag aan ons te betaal nie, aangesien jy enige inligting met betrekking tot jou rekening en verpligtinge hetsy telefonies of van enigeen van ons winkels kan bekom.

10. Betaling, vereffening en beëindiging

10.1 Jy moet minstens die minimum betaalbare bedrag, soos dit op jou staat verskyn, teen die betaaldatum betaal. Ons kan dié paaiement na goeddunke vasstel.

10.2 Jy kan enige bedrag wat jy aan ons skuld te eniger tyd vooruitbetaal.

10.3 Jy kan ons van 'n debietorder voorsien vir jou maandelikse betalings sowel as enige ander bedrae wat jy ons ingevolge hierdie ooreenkoms skuld.

10.4 Jy kan ook die verskuldigde bedrae betaal:

10.4.1 by enige Foschini-winkel; of

10.4.2 via elektroniese oorbetaling.

10.5 Indien jy sou versuim om enige verskuldigde bedrag te betaal; indien jy versuim om aan enige voorwaardes van jou ooreenkoms te voldoen; indien jou boedel gesekwestreer word; indien jy te sterwe sou kom; indien jy enige valse of verkeerde stelling of voorstelling sou maak; indien jy versuim om enige inligting met betrekking tot hierdie ooreenkoms of gedurende jou aansoek openbaar te maak, of indien jy enigiets doen wat ons regte kan benadeel:

10.5.1 sal alle bedrae wat jy ons skuld, onmiddellik verskuldig en betaalbaar word;

10.5.2 kan ons enige ander persoon wat na ons oordeel daarvan behoort te weet, dienooreenkomstig inlig, sonder om enige aanspreeklikheid daarvoor op te doen; en

10.5.3 mag jy nie meer jou kaart gebruik nie.

10.6 Jy kies jou voorkeurbetaalmetode op eie risiko, en enige betaling sal slegs as gemaak beskou word wanneer ons dit ontvang en verwerk het.

10.7 Ons beskou alle betalings wat jy maak, as betaal op die datum waarop ons sodanige betaling ontvang, hetsy by ons kantoor of by die handelaar, en sal sodanige betalings soos volg toewys:

10.7.1 eerstens, ter vereffening van rente;

10.7.2 tweedens, ter vereffening van fooie en heffings; en

10.7.3 laastens, ter delging van die hoofsom.

10.8 Jy kan hierdie ooreenkoms te eniger tyd beëindig, in welke geval jy ons skriftelik kennis moet gee, hetsy met die hand afgelewer of per faks, e-pos of geregistreerde pos. Indien jy die ooreenkoms wil beëindig, sal jy die volle uitstaande bedrag wat jy ons skuld, moet betaal.

10.9 Ons kan hierdie ooreenkoms beëindig indien jy versuim om aan die bepalings en voorwaardes te voldoen.

11. Rente en ander heffings

11.1 Onderworpe aan die bepalings van die wet, sal ons die rentekoerse en ander finansieringskoste bepaal wat van tyd tot tyd vir jou kaartrekening sal geld, en dit op jou staat uiteensit. Ons sal geregtig wees om finansieringskoste teen die maksimum jaarlikse finansieringskostetarief te hef wat die wet van tyd tot tyd toelaat.

11.2 Die rentekoers op jou wentelplanbalans en jou begrotingsplanbalans ('jou koers') is 'n wisselende koers wat op grond van kredietverlening bepaal word. Enige verandering in jou koers is aan die FGRK gekoppel. Ons behou die reg om jou koers na ons goeddunke te verhoog, te verlaag of te handhaaf. Veranderinge in jou koers en/of die vaste verhouding tot die FGRK sal binne dertig (30) dae ná 'n verandering in die FGRK, of minstens vyf (5) dae vooraf, deur middel van 'n kennisgewing op jou maandelikse staat aangekondig word. Onderworpe aan voormelde, sal veranderinge in die FGRK dus outomaties tot 'n aanpassing in jou koers in 'n vaste verhouding tot die FGRK lei.

11.3 Rente op sowel die wentel- as begrotingsplan sal daagliks bereken en maandeliks op die volle uitstaande balans saamgestel word, vanaf die betaaldatum van die paaiement, totdat betaling geskied. Hierdie rente word dan maandeliks by jou uitstaande balans gevoeg.

11.4 Indien jy agterstallig sou raak met die terugbetaling van jou begrotingsplan, sal bykomende rente op agterstallige bedrae teen jou rekening gehef word, teen dieselfde koers as die rentekoers van toepassing op die hoofsom. Indien jy per debietorder betaal, sal hierdie agterstallige rente met behulp van die maandelikse debietorder ingevorder word.

11.5 Indien jy kies om op die wentelplan oor ses maande aan te koop, en jy jou volle maandelikse paaiement betaal voor of op die betaaldatum vir sodanige maandelikse paaiement, soos dit op elk van die maandelikse state verskyn, en die rekening dus vir daardie betaaltydperk bygewerk is, kan ons kies om nié die ooreengekome rente op die transaksies wat vir daardie tyd op die staat verskyn, te hef nie. Indien jy egter versuim om die volle betaling te maak voor of op die betaaldatum wat vir daardie maandelikse betaling (op die wentelplan oor ses maande) op die staat verskyn, sal die volle rente, soos geopenbaar en ooreengekom, verskuldig en betaalbaar wees.

11.6 Ons besluit om nié rente te hef nie impliseer geensins 'n afstanddoening van ons reg om rente te hef nie. Ons behou dus alle regte om te eniger tyd rente te hef.

12. Regs- en ander koste

12.1 Indien jou rekening agterstallig raak:

12.1.1 sal jy vir die koste met betrekking tot skuldinvorderingsbedrywighede aanspreeklik wees, wat insluit 'n heffing vir enige korrespondensie met en telefoonoproepe na jou vir elke maand wat jou rekening agterstallig bly;

12.1.2 sal wanbetalingsinligting by die kredietinligtingsburo ingedien word, wat jou vermoë om verdere krediet te bekom sal benadeel;

12.1.3 kan ons jou kaartfasiliteit opskort, en jou tien dae kennis gee voordat ons die rekening sluit, in welke geval jy die rekening ten volle moet vereffen; en

12.1.4 kan jou rekening aan 'n skuldinvorderingsagentskap oorhandig word vir verhaling van agterstallige bedrae, in welke geval jy vir enige skuldinvorderingskoste aanspreeklik sal wees.

12.2 Indien ons 'n regsgeding teen jou moet instel ('n dagvaarding uitreik), sal jy aanspreeklik wees vir alle regskoste, wat sal insluit dog nie beperk is nie tot:

12.2.1 regskoste op die sogenaamde 'prokureur-en-kliënt-skaal' (met ander woorde, alle uitgawes wat ons prokureur aangaan, soos alle koste van enige advokaat aan wie die prokureur op ons versoek opdrag gee, en

die koste van die professionele dienste wat die prokureur aan ons lewer);

12.2.2 invorderingsheffings en opsporingsfooie;

12.2.3 belastingseëls en baljugeld;

12.2.4 belasting op toegevoegde waarde (BTW) wat ons kan oploop in die verhaling of poging tot verhaling van geld wat jy ons skuld;

12.2.5 welke koste teen jou rekening gedebiteer sal word.

12.3 Vonnis kan ook teen jou geneem word.

12.4 Ons sal nie enige koste buiten dié waarvoor die wet voorsiening maak, probeer verhaal nie.

13. Skuldbewys

'n Sertifikaat wat deur enige van ons bestuurders (wie se aanstelling en bevoegdheid nie bewys hoef te word nie) onderteken is, met die bedrag wat jy ons skuld sowel as die rentekoers van toepassing op jou kaartrekening, sal in enige regsverrigtinge as voldoende bewys van jou skuld dien, en sal as korrek beskou word, tensy jy bewys dat die bedrag of die rentekoers verkeerd is, onderworpe aan die wet.

14. Neerlegging by regsbevoegdheid

Ingevolge artikel 45 van die Wet op Landdroshowe, Wet 32 van 1944, gaan jy hiermee akkoord dat ons enige regsverrigtinge met betrekking tot hierdie ooreenkoms of jou rekening in die landdroshof kan instel, synde enige landdroshof met regsbevoegdheid oor jou, ingevolge artikel 28 van die Wet op Landdroshowe. Ons kan egter ook kies om in enige ander regsbevoegde hof 'n geding teen jou aanhangig te maak.

15. Afstanddoening van regte

Indien ons om enige rede of vir enige doel enige van ons regte ingevolge hierdie ooreenkoms nie onmiddellik toepas of in werking stel nie, beteken dit nie dat ons enige sodanige regte laat vaar, of daarvan afsien of afstand doen nie.

16. Debitering van koste

Ons kan sodanige ander koste teen jou rekening hef en debiteer as wat ons vasstel, sowel as sodanige ander heffings en fooie as wat die wet en statutêre heffings en belasting voorskryf.

17. Persoonlike en vertroulike inligting

17.1 In hierdie ooreenkoms beteken 'persoonlike inligting':

17.1.1 inligting wat jy aan ons verstrek of wat ons reeds oor jou het, wat ons kan opteken, wat insluit enige telefoonnommer van waar jy ons bel;

17.1.2 inligting wat ons uit ons navrae bekom sodat ons 'n besluit oor jou aansoek of die ooreenkoms kan neem, wat insluit inligting wat ons uit soektogte op jou naam by enige kredietinligtingsburo bekom;

17.1.3 inligting oor enige rekening of kredietlewenspolis of kredietversekering wat jy by ons of deur ons het; en

17.1.4 inligting wat ons bekom van enigeen met die magtiging om, met betrekking tot jou aansoek, rekening, kredietlewenspolis of kredietversekering, inligting oor jou aan ons te verstrek.

17.2 Ons sal jou persoonlike inligting bewaar slegs vir so lank as wat ons dit benodig, of so lank as wat die wet vereis.

17.3 Jy gaan hiermee akkoord en gee jou toestemming dat ons jou persoonlike inligting, wat besonderhede van jou transaksies insluit, verwerk, opteken of openbaar maak ten einde:

17.3.1 die inligting van die kredietinligtingsburo, kredietverwysingsagentskappe en bedrogvoorkomingsagentskappe te deursoek, sodat ons jou rekening by ons kan bestuur, en besluite kan neem oor jou krediet by ons, wat insluit of ons krediet beskikbaar moet stel, of jou bestaande krediet moet voortsit of uitbrei;

17.3.2 enige aansoek om krediet of enige ander finansiële dienste wat jy of enige lid van jou huishouding by ons indien, te beoordeel (ons kan soms 'n standaardkredietbeoordelings- of ander outomatiese besluitnemingstelsel hiervoor gebruik);

17.3.3 jou rekening te bestuur, en besluite oor enige aansoek by of ooreenkoms met ons te neem;

17.3.4 uitvoering te gee aan ons bedrywighede, en dit te moniteer en te beoordeel;

17.3.5 per pos, telefoon of op enige ander manier met jou te skakel oor produkte en dienste waarin ons dink jy sal belang stel, tensy jy ons sê dat jy nie sodanige aanbiedinge wil ontvang nie; en

17.3.6 enige wette of regulasies na te kom.

17.4 Jy gaan hiermee akkoord en gee jou toestemming dat ons jou persoonlike inligting openbaar maak aan:

17.4.1 enige persoon wat vir ons werk;

17.4.2 'n versekeraar, indien jy deur ons versekering reël;

17.4.3 enige organisasie wat enige van ons produkte wat jy opneem, onderskryf of ondersteun;

17.4.4 enige betaalstelsel waaronder of waardeur jou rekening betaal word;

17.4.5 enige persoon aan wie ons enige van ons regte of verpligtinge ingevolge hierdie ooreenkoms oordra;

17.4.6 enige derdepartyskuldinvorderingsagentskap of prokureur wat aangestel word om enige geld wat jy ons skuld van jou te verhaal; en

17.4.7 enigeen aan wie ons, mét jou toestemming, persoonlike inligting kan verstrek.

17.5 In soverre dit wettig is, kan ons die gebruik van enige van jou persoonlike data en inligting oordra, lisensieer of op enige ander manier magtig.

18. Verbruikerskredietinligting en kredietinligtingsburo

18.1 Jy gaan hiermee akkoord dat ons:

18.1.1 navrae kan rig om enige inligting wat jy in jou aansoek of in enige stadium gedurende die ooreenkoms aan ons verstrek, te bevestig;

18.1.2 met betrekking tot die aansoek en die opening en sluiting van hierdie rekening, enige inligting oor jou aansoek, soos vervat in jou

aansoek of soos jy dit in jou aansoek aan ons verstrek, by enige kredietinligtingsburo of derde party (met wie jy te eniger tyd finansiële betrekkinge gehad het) kan indien;

18.1.3 inligting by enige kredietinligtingsburo of derde party (met wie jy te eniger tyd finansiële betrekkinge gehad het) kan bekom, verifieer en ontvang, wanneer ons jou aansoek of jou kredietwaardigheid beoordeel sowel as te eniger tyd terwyl jou rekening bestaan; en

18.1.4 die bestaan van hierdie ooreenkoms, en enige persoonlike inligting met betrekking daartoe, aan enige kredietinligtingsburo en derde party (met wie jy te eniger tyd finansiële betrekkinge gehad het) kan voorsien, openbaar maak en daar kan registreer, om positiewe en negatiewe inligting oor jou of jou rekening uit te ruil, wat enige nienakoming van die bepalings en voorwaardes van hierdie ooreenkoms insluit.

18.2 Jy besef en begryp dat 'n kredietinligtingsburo ons van kredietprofielinligting sowel as 'n beoordeling van jou kredietwaardigheid sal voorsien.

18.3 Onderworpe aan die bepalings van die wet, sal ons geregtig wees om bogenoemde inligting te bekom en openbaar te maak:

18.3.1 indien ons dink dit is nodig of moontlik tot jou voordeel;

18.3.2 waar die wet ons daartoe verplig;

18.3.3 waar dit in openbare belang is; of

18.3.4 waar ons belange dit vereis.

18.4 Jy gaan hiermee akkoord dat die persoonlike inligting wat jy ten tyde van jou aansoek of die aangaan van die ooreenkoms aan ons verstrek, vir bykomstige doeleindes wat redelik strook met die aard van ons bedrywighede, sowel as vir bemarkings- en verwante doeleindes, gebruik kan word. Indien jy nie wil hê dat ons jou inligting vir hierdie doel gebruik nie, moet jy ons skriftelik of telefonies in kennis stel sodat jou keuse opgeteken en daarná skriftelik bevestig kan word.

18.5 Jy bevestig hiermee dat die inligting wat jy aan ons voorsien of voorsien het, waar, juis, korrek en volledig is.

18.6 Jy doen hiermee afstand van enige regte of eise wat jy teen ons kan hê met betrekking tot die voorsiening van inligting deur of aan ons ingevolge hierdie ooreenkoms.

18.7 Ons sal jou 20 dae skriftelike kennis gee voordat enige wanbetalingsinligting oor jou aan 'n kredietinligtingsburo gestuur sal word.

18.8 Jy behou die reg om enige inligting waaroor die kredietinligtingsburo beskik, te betwis. Jy het die reg om met die kredietinligtingsburo te skakel, toegang tot jou kredietgeskiedenis te bekom, en onjuiste inligting te laat regstel.

18.9 Die kredietinligtingsburo se kontakbesonderhede is soos volg:

TransUnion-kredietinligtingsburo

Wanderers-kantoorpark, Corlettrylaan 52, Illovo

Posbus 4522, Johannesburg 2000

Telefoon: 011 214 6000

19. Bekendmaking van inligting aan kredietinligtingsburo en -agentskappe

19.1 Jy gaan akkoord en gee jou toestemming dat ons bepaalde persoonlike inligting oor jou aan die kredietinligtingsburo bekend maak wanneer ons hulle data oor jou deursoek. Hulle sal die besonderhede van ons soektogte opteken. Ons sal hulle ook van inligting voorsien oor enige rekening wat jy by ons het, wat insluit inligting oor enige betalings wat jy oorgeslaan het. Die inligting waaroor hulle beskik, kan gekoppel wees aan ander mense met wie jy finansiële betrekkinge het. Indien jy valse of onjuiste inligting aan ons voorsien, of indien ons bedrog vermoed, sal ons hulle daarvan in kennis stel.

19.2 Die kredietinligtingsburo sal soektogbesonderhede en rekeninginligting met ons en ander organisasies deel, sodat ons en sodanige ander organisasies:

19.2.1 aansoeke om krediet en verwante dienste kan beoordeel, en rekeninge wat jy of lede van jou huishouding by ons het, kan bestuur;

19.2.2 jou identiteit kan nagaan ten einde geldwassery (wanneer geld deur rekeninge vloei om die bron te verdoesel) te voorkom;

19.2.3 bedrog en ander misdaad kan voorkom, opspoor of vervolg; en

19.2.4 skuld kan verhaal en naspeur.

19.3 Die kredietinligtingsburo sal inligting deel om ons en ander te help om besluite te neem oor versekeringsvoorstelle en -eise met betrekking tot jou (en lede van jou huishouding).

19.4 Die kredietinligtingsburo sal persoonlike inligting ook vir statistiese ontleding van krediet- en ander bedrog gebruik.

19.5 Ingeval ons jou rekening vir invordering of regsoptrede aan 'n skuldinvorderingsagentskap of 'n prokureur oorhandig, gaan jy akkoord en gee jy jou toestemming dat ons bepaalde persoonlike inligting oor jou aan hulle bekend maak.

20. Algemeen

20.1 Ons kan alle telefoonoproepe en ander skakeling met jou moniteer en opneem.

20.2 Jy bevestig hiermee dat die bepalings en voorwaardes sowel as die betekenis en gevolge van hierdie ooreenkoms aan jou voorgehou en verduidelik is in 'n taal wat jy verstaan. Die risiko's met betrekking tot die ooreenkoms, sowel as jou regte en verpligtinge, is ook aan jou verduidelik.

20.3 Indien jy afskrifte van dokumente met betrekking tot jou rekening wil ontvang, moet jy ons inlig van die manier waarop jy dit wil ontvang (mits ons aan jou gekose leweringsmetode kan voldoen). In sekere omstandighede kan 'n fooi vir sodanige afskrifte geld.

20.4 Ons kan, sonder jou toestemming en sonder kennisgewing aan jou, enige van ons regte of verpligtinge ingevolge hierdie ooreenkoms oormaak, toeken of oordra, of reël dat enige ander persoon enige van ons regte of verpligtinge ingevolge hierdie ooreenkoms uitvoer.

20.5 Ons sal nie aanspreeklik wees vir enigiets buite ons redelike beheer

(byvoorbeeld onklaar rekenaarstelsels of kragonderbrekings weens redes buite ons redelike beheer) of enige arbeidsoptrede, politieke oproerigheid of oorlog indien dit ons daarvan weerhou om ons gewone diens te lewer nie.

20.6 Ons sal nie aanspreeklik wees vir enige verlies of skade wat jy of 'n derde party hetsy met betrekking tot die aansoek om krediet of met betrekking tot hierdie ooreenkoms ly nie.

20.7 Ons kan die uitoefening van ons regte ingevolge hierdie ooreenkoms uitstel sonder om daarvan afstand te doen.

20.8 Indien ons enige voorwaarde ingevolge hierdie ooreenkoms nie kan toepas nie, sal dit geen uitwerking hê op die ander voorwaardes in hierdie ooreenkoms nie.

20.9 Ten einde geldig en bindend te wees, en tensy sodanige wysigings ooreenkomstig die wet gemaak word, moet enige wysigings of veranderinge aan hierdie ooreenkoms hetsy:

20.9.1 telefonies oorgedra en daarná skriftelik deur ons bevestig word; of

20.9.2 skriftelik geskied.

20.10 Onderworpe aan klousule 2.3, kan ons hierdie bepalings en voorwaardes te eniger tyd wysig of vervang, in welke geval dit nie op 'n novasie van die ooreenkoms of enige transaksie of skuld neerkom nie. ('n Nuwe ooreenkoms tree dus nie outomaties in werking nie.)

20.11 Jy het die reg om 'n klagte met behulp van alternatiewe geskilbeslegting op te los.

20.12 Jy kan enige klagtes by die Nasionale Kredietreguleerder (kontaknommer 0860 627 627) indien, of by die Nasionale Krediettribunaal aansoek doen.

20.13 Jy het die reg om by 'n skuldberader om 'n skuldoorsig aansoek te doen, of om as oorverskuldig verklaar te word. Bel in hierdie verband die Nasionale Kredietreguleerder by 0860 627 627 vir die besonderhede van 'n skuldberader.

20.14 Die voorooreenkomskwotasie en -openbaarmakings, en die ooreenkoms wat hierdie bepalings en voorwaardes insluit, maak die hele ooreenkoms tussen ons en jou met betrekking tot jou kredietfasiliteit en rekening uit, welke ooreenkoms ingevolge die wette van die Republiek van Suid-Afrika bestuur en vertolk word.